


# Week 9

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat ons ons omgewing gesond moet hou om self gesond daarin te kan leef.<br>• Hulle leer dat ons baie water moet drink.<br>• Maats leer van spanwerk en dat dit ons kan help om probleme op te los.<br>• Maats leer dat ons in krisistye kalm moet bly.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor ons omgewing en diere het.<br>• Maats leer dat ons nie moet rommel strooi nie, moet herwin en water en krag moet spaar.<br>• Maats leer dat ons hulp verleen wanneer ons sien dat iemand hulp benodig.<br>• Hulle leer dat, indien ons niks daaraan doen nie, renosters/olifante uitgewis kan word.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "nege" word die week behandel. Maats moet tot by nege kan tel.<br>• Maats leer van die halfmaan (die vorm hierdie week).<br>• Maats leer van momentum.<br>• Maats sorteer rommel op grond van hul voorkoms (glas, papier ens.) |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer van dat ons ons omgewing moet oppas en leer wat dit behels.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take terwyl hulle hul papiere herwin. |

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Nege (9)***
- Vorm van die week: ***Halfmaan***
- Kleur van die week: ***Bruin***

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 9 tel terwyl hulle ritmies hulle voete stamp***

## Sirkelbespreking van die week



# Ontmoet vir:



# Buksie-Bruin

# BUKSIE-BRUIN *(Die Storie)*

Buksie-Bruin bly in 'n bruin dorpie, Kwaggafontein, in die droë Karoo. Buksie-Bruin boer saam met sy pa, Groot Buks Bruin op 'n plaas net buite Kwaggafontein. Hy het 'n sjokoladebruin lyfie van al die son. Hy het ook twee bruin oortjies wat wikkel as hy opgewonde is!

Buksie-Bruin hou vreeslik van rugby en hy speel vir die dorpspan, Die Bruin Buffels. Hulle het die mooiste bruin truie! Wanneer Buksie-Bruin in sy bruin bakkie agter bruin bokkies op die plaas aanry, droom hy dat hy vir die Springbokspan speel. Dan wikkel sy bruin oortjies skoon van opgewondenheid!

Saterdae is 'n baie belangrike dag vir Buksie-Bruin, want dan speel Kwaggafontein se rugbyspan teen van die dorpe naby Kwaggafontein. Die hele dorp is dan daar om vir hullle span te skreeu. Wanneer Buksie-Bruin so in die skrum sak, hoor hy hoe die mense op die pawiljoen skreeu: Druk hulle Buksie-Bruin, druk hulle!" Buksie-Bruin druk dan ekstra hard teen die ander span in die skrum, want dan verbeel hy hom dat hy 'n wedstryd vir die Springbokke speel.

Wanneer hy klaar gespeel het en net sy ogies uit sy vuil gesig steek, sê Groot Buks Bruin trots vir hom: "Eendag Buksie, eendag speel jy vir die Springbokke, my seun!" Dan glimlag Buksie skaam en vee die vuil bruin strepe van sy gesiggie af! Eendag speel hy beslis vir die Springbokke!

**Vertoon hierdie week vir Buksie-Bruin in die klas**

Maats kan die ganse week vir Buksie blokkies bruin sjokolade voer. Ons kan selfs sjokolade in vormpies gooi en vir hom hard laat word (stuur dit dan vir maats huis toe). Koekies en malvalekkers kan ook in sjokolade gedruk word!. Moedig maats ook aan om gepaste bruin items vanuit die klas of van die huis af vir Buksie-Bruin te bring.

**Probeer hierdie week om BRUIN verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


Hansie Halfmaan
Hoeveel halfmane sien julle?


9
Mollie

# Bybel-illustrasies





**Visuele prosessering:**
Die son is AGTER die wolk.
Dawid se klere is BRUIN.
Dawid se harp is GOUD.
Hoeveel skape is daar in AL DIE PRENTJIES SAAM?
Is daar MEER/MINDER skoenlappers as skape?

# Bybelles

## 'n Skaapwagtertjie

## DAG 1-2

Nadat die mure van Jerigo inmekaar geval het en die Israeliete in Kanaan gaan bly het, het daar baie jare verby gegaan. Die Israeliete het baie leiers na Joshua gehad wat na hulle gekyk het. Hulle het toe ook uiteindelik 'n koning gekry. Sy naam was Koning Saul gewees.

In die dae toe Koning Saul die koning van Israel was, het daar 'n Israelitiese seun met die naam Dawid in Betlehem gewoon. Hy was die jongste van agt boeties gewees. Al hierdie boeties het saam met hulle pappa, Isai, gewoon.

Isai het met skape geboer en Dawid en sy boeties het hom met die skapies gehelp. Hulle het in die dag die skapies vir hulle pappa opgepas. Ons noem iemand wat skapies oppas 'n *skaapwagter.* Hulle moet seker maak dat die skapies nie wegraak nie en dat diere soos wolwe, bere en leeus nie die skapies vang en verslind nie.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Skaapwagter**

Iemand wat skapies mooi oppas

**Verslind**

Vinnig opeet!

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Watter werk het Dawid vir sy pa gedoen?
- Hoeveel broers het Dawid gehad?

### Lewensles

Soos wat Dawid vir sy skape gesorg het, so sorg God vir sy kinders!

# Bybelles

## 'n Digter

## DAG 3-4

Dawid was sommer baie, baie lief vir God gewees. Hy het God met sy hele hartjie vertrou en geglo dat God sommer baie groot, sterk en goed was. Hy was reg. God *is* baie groot en sterk (almagtig) en Hy is baie goed vir ons! Hy gee vir ons ons families, gesondheid, maats, juffrouens, troeteldiere, speelgoed en alles wat goed in ons lewens is.

Omdat Dawid baie lief vir God was, het Hy die mooiste gediggies en liedjies vir God geskryf. Terwyl hy in die dag na sy pappa se skapies gekyk het, het hy op sy harp gespeel en liedjies vir God geskryf. 'n Harp is 'n musiekinstrument waarmee ons musiek kan maak. Dit het snare wat styf in 'n raam gespan is. As ons ons handjies oor die snare trek kom daar die mooiste klanke uit.

Dawid het sommer baie gediggies en liedjies vir God geskryf. Ons kan al hierdie gediggies en liedjies vandag in die Bybelboek, Psalm, lees.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Vertrou**

As ons glo iemand sal ons nooit seermaak of iets leliks aan ons doen nie

**Digter**

Iemand wat gedigte skryf

**Gedigte**

'n Klomp mooi woordjies bymekaar

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat het Dawid vir God geskryf?
- Op watter instrument het Dawid liedjies vir God geskryf?
- In watter boek in die Bybel kan ons Dawid se liedjies en gediggies lees?

### Lewensles

*God is groot, sterk en goed vir ons!*

## Die beer en die leeu

## DAG 5

Dawid het nie net liedjies en gediggies geskryf terwyl hy die skapies in die veld opgepas het nie. Soms het hy baklei ook. Wanneer diere soos bere en leeus sy skapies wou vang, het hy sy skapies beskerm.

Eenkeer het 'n beer een van Dawid se lammetjies gegryp, maar hy het die lammetjie uit die beer se bek gegryp en hom doodgeslaan. Op 'n ander keer het 'n leeu weer een van die lammetjies gegryp. Dawid het die lammetjie toe ook van die honger leeu gered. Dawid was dus baie braaf. Dit beteken dat hy gedoen het wat reg was al was hy bang.

**Red**

As ons keer dat iets slegs met iets of iemand gebeur, "red" ons hulle

### Lewensles

*Ons moet braaf wees!*

# TEMATAFEL *('n Asdrommetjie)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*((Hierdie week pak ons 'n wasgoedmandjie uit.*
*Gebruik die handpop en pak die boks stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

Juffrou Springhaas vertel hierdie week vir die maats van Dawid, die skaapwagter, wat sommer ver met sy slingervel ('n stukkie vel met 'n klippie in) kon skiet! Mollie besluit sommer daar en dan dat hy ook 'n slingervel wil bou! *(Haal vir maats materiaal soos **lap of kosmetiese leer** uit die asdrommetjie. Laat hulle nou die materiaal in repe sny en hul eie slingervelle maak. Pak dan **leë koeldrankbottels of blikkies** in 'n ry uit. Gee vir maats **spons- of hopballetjies** en laat hulle probeer om die blikkies raak te "slinger". Maak seker dat maats in 'n ry agtermekaar staan en een-een vorentoe stap en om hul slingervelle te slinger sodat hulle mekaar nie kan raakgooi nie).*

Juffrou Spinghaas vertel nie net vir maats van Dawid nie, maar sy leer hulle ook van herwinning! Ons gaan ook hierdie week leer om gebruikte goed te herwin! *(Haal **toiletrolle, tandepastaboksies, melkdoppies** en **ander rommel** uit die asdrommetjie. Gee nou vir elke maat 'n toiletrol of 'n tandepastaboksie en vier doppies. Gee vir hulle ook ander rommel, **verf** en **gom**. Maats moet nou hulle eie karretjies uit die rommel bou en versier!)*

Mollie het mooi na alles geluister wat Juffrou Springhaas in die klas gesê. Sy het gesê dat ons rommel in verskillende asblikke kan gooi; glasrommel by glasrommel, gebruikte papier by gebruikte papier en ou plastiek by ou plastiek. Slim mense kan dan nuwe botteltjies uit ons glasrommel maak. Hulle kan nuwe papier uit al ons gebruikte papier maak en hulle kan ook nuwe plastiekgoed uit ons gebruikte plastiek maak. So kry al ons ou rommel nuwe waarde. Maats kom ons oefen om al ons rommel in verskillende asblikke te gooi! *(Plaas **drie bokse** op die tematafel. Een boks moet blou wees, een moet groen wees en een moet geel wees. Op die blou boks moet daar **'n prentjie van 'n blikkie** wees. Op die groen boks moet daar **'n prentjie van papier** wees. Op die geel boks moet daar **'n prentjie van 'n plastiekbakkie of houertjie** wees. Pak nou **koeldrankblikkies, papiere, leë skyfiepakkies en plastiekrommel** op die tafel uit. Maats moet nou die rommel in die relevante bokse gooi!)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TEMA
*(Gedig en storie)*

Moenie rommel strooi nie,

of papiere in die riviere gooi nie.

Want ons het net een wêreld,

wat ons nie moet laat siek word.



## GEDIGGIE VAN DIE WEEK
*Ons het net een wêreld (CD)*

***Die gedig herinner maats daaraan dat ons nie rommel moet strooi nie omdat ons net een wêreld het.***

***Die gedig is lekker kort sodat maats dit maklik kan leer. Maats kan die gedig ook met gemak dramatiseer.***

## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Ons het net een wêreld (CD)*

**Die lied leer vir maats dat ons net een wêreld het wat ons moet oppas. Ons moet nie papiere strooi nie, rommel in die rivier gooi of die lug vol vuil stowwe maak nie. Maats leer dus in die proses van die verskillende soorte besoedeling wat ons kry.**

**Die koor van die liedjie herhaal sodat maats lekker saam kan sing.**

## STORIE VAN DIE WEEK
*Wilhelm Waterskilpad se probleem (CD)*


***Hierdie week red Mollie en sy maats Oom Wilhelm Waterskilpad se lewe. 'n Plastieksak in die water spoel oor Wilhelm se kop. Hy kan nie asem kry nie. Mollie, Manie, Apie en Klein Olifantjie werk as 'n span saam om die plastieksak van Oom Wilhelm se kop af te kry. Die maats word dan deur die skoolhoof en burgermeester as helde erken en beloon. Maats leer in hierdie storie van natuurbewaring en die waarde van spanwerk. Hulle leer ook dat ons in krisistye kalm moet bly en dat ons moet ingryp waar ons sien dat iemand hulp kort.***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee. Maats kan ook die onderskeie diere in die storie se geluide naboots.***

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2







Ons moet nie rommel strooi nie.
Diertjies soos voëltjies kan die rommel probeer eet of die rommel kan aan of om hulle lyfies vassit.
Ons moet rommel eerder in die asblik gooi,

## Dag 3 en 4






Ons moet nie water mors nie. Ons moet krane toedraai terwyl ons dit nie gebruik nie.
Water is skaars en ons moet dit spaarsamig gebruik.
Ons moet nie ligte onnodig aan los nie.

## Dag 5






Om na die natuur om te sien beteken ook dat ons mooi na diertjies moet kyk.
Ons moet lief vir hulle wees en vir hulle sorg.
Ons het net een wêreld en ons moet dit oppas, want as ons die aarde verniel gaan ons nie weer een kry nie.

# Tema-les

*Rommel*

# DAG 1-2

Ons lewe in 'n baie mooi land, Suid-Afrika. Ons het baie mooi plantegroei, wilde diere en oseane en dit alles het Jesus vir ons gegee. Hy wil hê dat ons as mense die aarde en alles wat daarop is, moet beskerm, respekteer en oppas. As ons dit nie doen nie, gaan die wêreld soos ons dit ken dalk nie meer bestaan nie.

Ons moet leer dat ons nie papiere, plastiese sakkies en ander gemors sommer net moet rondgooi nie. Ons moet dit optel en eerder in 'n asdrom/vullisdrom gooi. As ons dit nie doen nie maak ons die aarde vuil en kan ons selfs klein diertjies laat siek word of dood laat gaan. Diertjies soos eende, visse en seeskilpaaie wat in water bly kan byvoorbeeld dink dat plastieksakke kossies is. As hulle die plastiek eet kan hulle dan doodgaan.

Plastiek en ander rommel kan ook soms om klein diertjies se lyfies koek en aan hulle lyfies vassit. Dit kan om hulle bekkies, nekkies, beentjies, vlerkies of vinne vassit. Die arme diertjies kan dan nie die rommel self van hulle lyfies afhaal nie omdat hulle nie handjies het nie. Die rommel sit dan aan hulle lyfies vas vir weke, maande en selfs jare. Hulle kan sukkel om te eet, loop of vlieg. Dit is glad nie vir hulle lekker nie. Ons moet daarom eerder nie ons rommel rondgooi nie.

## Kinestetiese leer

Druk 'n plastieksakkie in water. Wys vir maats hoe dit moeilik sigbaar is. Diertjies kan ook soms nie die sakkies in die water sien nie en dverstrengel raak.

'n Wit sak kan gebruik word om vir maats te illustreer hoe plastiek vir skilpaaie soos jellievisse kan lyk.

## Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Plantegroei | Oppas | Rommel | Plastiek | Beentjies | Maande |
| Oseane | Papier | Asdrom | Vassit | Vlerkies | Jare |
| Beskerm | Plastieksakke | Vullisdrom | Bekkies | Vinne | Skaars |
| Respekteer | Gemors | Seeskilpad | Nekkies | Weke | Afspoel |

*Water en elektrisiteit*

# DAG 3-4

Daar is ook ander maniere om ons omgewing op te pas. Een daarvan is om nie water te mors nie. Wanneer ons byvoorbeeld ons tandjies borsel, moet ons nie die water net laat loop totdat ons klaar geborsel het nie. Water is baie skaars. Het julle al daaraan gedink wat sal gebeur as daar nie meer water is nie?

As daar nie water is nie kan ons nie bad nie. Hoe sal ons dan skoon kan bly? En as ons nie skoon kan bly nie, sal ons siek word. En hoe sal ons kos maak? Ons gebruik skoon water om ons groente en vrugte mee af te spoel en ons kossies in te kook.

## Kritiese denke

- Maak jy die krane toe terwyl jy jou tandjies in die oggend borsel?

# TEMA-LES

*Water en elektrisiteit*

## DAG 3-4

Sonder water kan ons ook nie kos kweek nie. Groente soos mielies, aartappels en boontjies moet gereeld met water natgooi word om te kan groei. Sonder water kan hulle nie groei nie. Wat sal ons dan eet?

Ons het nie net water nodig om te kan eet nie, maar ook om drinkgoed te kan drink. Ons kan nie koffie sonder kookwater maak nie. Mamma kan ook nie vir ons lekker koeldrankies aanmaak sonder water nie. Ons kan ook glad nie glasies water drink as daar nie water is nie. Ons lyfies moet elke dag water kry want sonder water kan ons nie oorleef nie. Dit is hoekom ons water moet spaar en nie moet mors nie.

Buiten water moet ons ook elektrisiteit bespaar. Mamma en pappa werk elke dag baie hard om vir ons te kan sorg en hulle gebruik elektrisiteit om dit te kan doen. Mamma kan nie vir ons kook en kos maak sonder elektrisiteit nie. Pappa kan nie in die aand die alarm aansit as daar nie elektrisiteit is nie. Hulle kan ook nie vir ons heerlike warm badwater intap as daar nie elektrisiteit is om die water warm te maak nie. As ons elektrisiteit spaar, spaar ons vir mamma en pappa geld. Ons beskerm dan ook die omgewing want hoe minder elektrisiteit daar gemaak moet word, hoe minder vuil gasse moet in die lug ingepomp word.

### Kritiese denke

- Maats, drink julle elke dag ten minste een of twee glasies water of drink julle elke dag net koeldrank? Onthou, ons lyfies kort water om gesond te bly.
- Hoe spaar julle water?
- Sit julle die ligte agter julle af as julle uit 'n kamer loop?

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Water | Kosmaak | Koeldrank | Elektrisiteit | Troeteldiere | Olifant |
| Natgooi | Kook | Badwater | Beskerm | Lief wees | Renoster |
| Kweek | Kookwater | Oorleef | Omgewing | Voer | Horings |
| Kos | Drinkgoed | Spaar/Mors | Vuil gasse | Slaapplek | Wildbewaarder |

*Pas die diere op*

## DAG 5

Om ons wêreld te beskerm, beteken ook dat ons mooi na ons troeteldiere moet kyk. Ons moet vir hulle lief wees, hulle voer en vir hulle warm slaapplekke gee. Maar wat van die wilde diere? Hulle het ook soms ons hulp nodig want hulle kan hulself nie altyd beskerm nie.

Soms is daar nare mense wat renosters of olifante vir hulle horings wil vang. Hulle gebruik dan die renosters en olifante se horings om juwele en ander goedjies te maak. Die arme olifantjies en renosters! Gelukkig is daar brawe mense wat "wildbewaarders" genoem word. Hulle werk in die wildtuine en beskerm die olifante en renosters.


### Kritiese denke


- Maatjies, pas julle jul diertjies mooi op?
- Voer julle hulle elke dag?

# KUNSWERK
*Aktiwiteit 1*


## Verf, skep, plant, skryf, knip, plak/vasmaak en kweek

Gee vir elke maat 'n eierhouertjie (een enkele houertjie is genoeg). Maats moet nou hulle houertjie kleurvol verf. Sodra dit droog is, moet elke maatjie 'n skeppie grond en kompos met 'n lepel in die eierhouer skep. Gee nou vir elke maatjie 'n boontjiesaadjie (of 'n ander groente-saad). Laat maats hulle saadjie nou in hul eierdoppie plant. Help maats dan om hulle name op die onderstaande naamkaartjie te skryf. Maats kan nou hul naamkaartjie op hulle eierdoppie vasplak of met 'n lintjie daaraan vasmaak. Laat maats volgende hulle saadjies natgooi. Plaas dan die eierhouertjies op 'n veilige plek waar maats elke paar dae kan kyk hoe hulle plantjies groei en dit kan natgooi. Sodra die plantjies groot genoeg is, kan maats hulle plantjies uitplant.






Ekstra




Ekstra



Ekstra


## Verf en plak

Elke maatjie kry 'n sirkel wat uit koerant-/bruinpapier geknip is. Laat hulle die sirkel blou verf. Wanneer die blou verf droog is moet maats dan met groen verf kontinente op die sirkel verf. Ons maak 'n aardbol! Laat maats nou die onderstaande handjies uitknip, wit verf en weerskante van hulle aardbolle plak sodat dit lyk of die handjies die aarbol vashou.




## Inkleur, manipuleer en plak

Gee vir maats watte wat hulle self moet uipluis. Laat hulle dan die uigepluisde watte in grys verf smeer. Hulle maak "besoedelingsgasse"! Laat hulle nou die onderstaande fabriek inkleur terwyl hulle wol droog word. Maats moet hulle "gasse" bo die fabriek se pype plak.



## Inkleur

Die arme renoster se horing is weg! Stoute mense het hom gevat! Knip vir hom 'n nuwe horing uit wit papier en plak dit op sy gesig nadat jy sy gesig ingekleur het. Maats kan wit horings ook uit klei ook maak!




## Druk en smeer

Plaas een bakkie met water en een bakkie met koffie-poeier voor maats neer. Laat maats telkens hul vingertjies eers in die water en dan in die koffie-poeier druk. Hulle moet dan Buksie se lyfie met die koffie-poeier besmeer om hom in te kleur.

# Buksie-Bruin





## Manipuleer en druk

Laat maats die onderstaande nege halfmane uit klei vorm en op die vorms neersit. Laat hulle dan tel hoeveel halfmane hulle het. Laat hulle ook die "9" uit klei vorm en op die "9" platdruk. NEGE klei balletjies kan dan uit verskillende kleure gerol word en op die relevante ovale neergesit word ('n blou balletjie kan op die blou ovaal geplaas word ens.).



# KINETIKA

## Benodighede

| | | |
|---|---|---|
| Bal | Stelte | Kleure |
| Balanseerbalk | Tou | Kegels |
| Hoepel | Vorms | Wipmat |

### Opwarming

- Laat maats so vinnig as wat hulle kan van een punt na ’n ander punt oor die grasperk/skoolwerf hardloop.
- Laat hulle nou agteruit en dan sywaarts loop.  Laat hulle hul kniegies hoog oplig en hulle boudjies skop soos wat hulle stap.
- Laat maats laastens groot spronge vorentoe gee.  Kyk wie die verste kan spring.

### Balans

- Laat maats op een been staan en kyk wie die langste eenbeentjie kan staan.
- Laat hulle nou op een been staan en ’n bal teen ’n muur gooi.
- Laat maats volgende oor ’n balanseerbalk loop en ’n bal deur ’n hoepel gooi.
- Laat hulle weer oor die balanseerbalk loop maar laat hulle hierdie keer sywaarts oor die balk loop.  Gooi vir hulle ’n bal as hulle in die middel van die balanseerbalk is.  Maats moet die bal vang en dan terug na jou toe gooi voordat hulle verder oor die balk loop.
- Laat maatjies nou op stelte van een punt na ’n ander punt loop.

### Lateraliteit

- Laat maats op die grond op hul ruggies lê.  Laat hulle hul linkerarm en -been dieselfde tyd oop en toe beweeg.  Laat hulle dan die oefening met hul regterarm en -been herhaal.
- Maats moet volgende reggop op die grond sit en hulle hande op hul kniegies sit. Laat hulle dan hul linkerbeen en -hand gelyktydig oplig.  Laat hulle die oefening met hulle regterbeen en -hand herhaal.
- Laat hulle nou, terwyl hulle steeds sit, hul bene gelyktydig oop en toe knyp.

### Reaksietyd (luistervaardigheid)

- Plaas ’n tou op die grond.  Maatjies moet nou na jou handeklap luister.  As jy een klap gee moet maats een keer oor die tou spring, as jy twee klappe gee moet hulle twee keer oor die tou spring ens.
- Laat maats nou plat op hulle magies lê.  Maats  moet weer na jou handeklap luister.  As jy op jou hande klap moet hulle in die lug opspring en vyf keer op en af spring.  Herhaal die oefening vyf keer.

# KINETIKA

## Ruimtelike oriëntering

- Gebruik 'n oop area en plaas vorms op verskillende plekke. Laat maatjies tussendeur die vorms hardloop en op jou opdrag op 'n vierkant, driehoek, sirkel, ens. gaan staan. Kleure kan ook vir hierdie aktiwiteit gebruik word. Maats kan telkens op geel, groen ens. gaan staan.
- Plaas drie kegels in 'n ry en laat maatjies om dit loop. Laat hulle daarna 'n groot bal om die kegels rol.
- Plaas laastens 'n wipmat in die middel van vier vorms, links, regs, voor en agter die mat. Maats moet nou op die wipmat staan en telkens volgens juffrou se opdrag telkens byvoorbeeld links op die driehoek spring ens.

## Afwarming

- Maatjies moet wydsbeen staan en hulle lyfies telkens eers regs en dan weer links draai.
- Laat hulle nou aan hulle tone raak.
- Laat hulle laastens met hulle armpies hoog in die lug strek terwyl hulle diep asemhaal.



# Herwinning is pret!

Hierdie les leer vir maats die konsep van momentum (massa maal snelheid) op 'n baie basiese vlak. Dit is meer 'n speletjie as 'n eksperiment, maar skeinat is mos pret! Die eksperiment laat maats ook "oefen" om papiere in die asblik te gooi.



## Benodighede

- 'n Klein asblikkie of emmer
- Opgefrommelde papiere van verskillende gewigte, soos byvoorbeeld 'n A3, A4, en A5 papier. Twee papiere wat saam opgefrommel is, lekkerny papiere, sneesdoekies ens. kan ook gebruik word.

## Instruksies

1. Plaas 'n asblik in 'n hoek in die klas.
2. Frommel al die verskillende papiere in balletjies (party stywer as ander) op.
3. Laat maats beurte maak om die verskillende papierballe in die asblik te probeer gooi.
4. As die maat die asblik raakgooi kan hy/sy verder wegstaan en weer gooi tot hy/sy mis.
5. Kyk watter papier die maklikste gooi. Laat die maats dan die papiertjies sorteer van die papierballetjie wat die maklikste vlieg tot die een wat die moeilikste vlieg.
6. Wys die verskillende vorms en gewigte van die verskillende papierballetjies uit. Verduidelik dat verskillende vorms en gewigte op verskillende maniere deur die lug trek.

## Wat het ons geleer?

Alle papiere moet weggegooi word in die asblik. Verskillende vorms balletjies en gewigte (massa) van verskillende papiere gooi moeiliker as ander. Dit is omdat die wind en die lug in die klas die balletjie beïnvloed. Ons kan dit nie sien nie, maar ons sien dit in die balletjie se beweging.

